VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

18 Julie	**Kobus Havenga,** Wyk 5
	Geert Stoop, Wyk 18
19 Julie	**Dana du Plessis,** Wyk 2
	Louise Kruger, Berts Bricksweg 55. Wyk 19
20 Julie	**Monique de Klerk,** Wyk 1
21 Julie	**André Joubert,** Wyk 11
23 Julie	**Kylie Bartlett,** Wyk 19
24 Julie	**Pollie Charslund, (89 jaar**, Wyk 12

Die spesiale kollektes in Julie 2021 gaan vir:

Sondag	4 Julie	Bybelverspreiding
Sondag	11 Julie	Klassis Potchefstroom Sustentasiekas
Sondag	18 Julie	**Trans Oranje Instituut**
Sondag	25 Julie	Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 26 Sondag 18 Julie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 19 **Koos Theron** en wyk 20 **Klaas Wyma.**
Diakens: Wyk 19 **vakant** en wyk 20 **André Joubert.**

EREDIENSTE Eredienste waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE PER WHATSAPP
Skriflesing: Openbaring 21
TEMA: ***Christus maak alles nuut***
Sing: Psalm 92: 1, 2; Psalm 130: 1, 2; Psalm 22: 1, 2;
Skrifberyming 57: 1 tot 5 (Tema18 – 6).

Aanddiens om 18:00.
Skriflesing: Matteus 7; 1 Tessalonisense 5;
Heidelbergse Kategismus Sondag 45
Sing: Psalm 62: 1, 4; Psalm 51: 5, 8; Skrifberyming 28b (Tema10 - 2).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Trans Oranje Instituut*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Ds Jannes en sy gesin is met verlof tot 26 Julie. Ons bede is dat hulle 'n aangename en geseënde rustyd sal geniet. Ons meld ook met groot dankbaarheid teenoor die Here dat die ondersoek met Suhanli by die spesialis goed afgeloop het en dat hy positief is oor haar vordering. Ons vra weer dat u in die tyd van Ds Jannes se verlof enige gevalle van siekte of besondere omstandighede aan u wyks-ouderling en myself sal deurgee.

LIEF EN LEED

Elsie Buys is ontslaan uit die hospitaal en sterk aan by hulle dogter Tilla. Ons dank die Here vir die beterskap wat Hy gegee het. Intussen is 'n kleindogter van Elsie en Peet met Covid gediagnoseer. Ons bede is dat ons hemelse Vader die behandeling sal seën en genesing sal gee.

Jane Coetsee is in Mooimed opgeneem nadat sy positief getoets is vir die virus. Ons bid dat sy die nabyheid van ons hemelse Vader sal ervaar en dat Hy genesing sal gee.

'n Broer van **Lourens du Plessis**, sy broer se vrou en hulle dogter, is positief getoets met Covid. Ons bid dat ons troue Verbondsgod daar spoedig genesing sal gee.

'n Swaer van **my** (prof Callie) en **Susan** het in Botswana ernstig siek geword aan Covid en moes met 'n noodvlug na Suid-Afrika gebring word. Hy word tans in 'n hospitaal in Kaapstad behandel. Ons dink in ons voorbidding aan hom en sy dierbares. Intussen dank en loof ons die Here vir beterskap by ons kinders en kleinkinders.

Ons maak met leedwese die afsterwe bekend van **Ockie Buys,** 'n dag nadat hy 93 geword het. Mag ons hemelse Vader vir Johanna en al haar dierbares in sy liefde omvou en ryklik vertroos.

Die reelings vir die begrafnis van **Ockie Buys** is soos volg: Dinsdag 10:15 die teraardebestelling in Dassierand begraafplaas. Troosdiens om 11:30 in ons kerkgebou.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Jannie Snyman** haar kinders Corrie en Japie, skoondogter Liz en haar kinders. Jannie se seun Hans is Maandagnag skielik aan 'n hartaanval oorlede. Hy was 67. Mag Jannie en al haar dierbares die ryke vertroosting van ons hemelse Vader ontvang.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Leone en Nico Malan** en hulle dierbares met die afsterwe van Leone se broer die afgelope week. Mag hulle die Here se genade en liefdevolle nabyheid ryklik ervaar.

Klaas en Malie Wyma se dogter Adel en haar man **Coenie** het positief getoets vir Covid. Ons dank die Here dat dit onder omstandighede met hulle goed gaan

Jeanette Fourie ondergaan Woensdag 'n kniever-vanging. Ons bede is dat dit goed sal afloop.

Ons vra dat u in hierdie tyd van Ds Jannes se verlof enige siekte of ander besondere omstandighede aan u wyksouderling en ook aan my sal deurgee.

VAN ONS KERKRAAD

ATTESTATE

Die attestate van Izak Petrus Potgieter en sy eggenote Sara Maria Helena Potgieter word afgegee na Potchefstroom-Suid.

BYBELSTUDIES:

Do	22/07	18:30	Virtueel	Kontak Paul Krüger Frieda Theron

Die Kerkblad

Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met my, prof Callie of Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengeld is R323 per jaar vir die hardekopie en R135 vir die elektroniese uitgawe.

Omgewingspitkos

Waar veral 'n aandrit deur die Karoo gou vuil windskerms opgelewer het weens verpletterde motsoorte, dui deesdae se skoner ruite op die kommer – waar is al die goggas heen? Hulle maak immers driekwart van alle lewende spesies op aarde uit. Gaan jou wens vir hulle uitwissing dalk nou in vervulling weens aard-verwarming, pesbestryding en onbeheersde verstedeliking? So 'n gevolg is alleen tot ons aller ellendigste skade want ekologies is insekte belangriker as alle ander diere saam. Geen blomplant kan sonder hulle bestuiwing oorleef nie. God se veel gebruik van insekte as voedsel (Lev 11:21-24), as oordeel (Joël 1:2-12), en as onderrig (Spr 6:6-8) benadruk dat ons meer insekvriendelik moet leef en boer. Anders is hongersnood ons voorland, al veroorsaak insekte meer mensedood as ander doodsoorsake.